# ECHO OF HIS CALL

## EGGO VAN SY ROEP

AFRIKAANS

India's National Spiritual Newspaper

₹ 10/-

1969 to 2029 ECHO OF HIS CALL SINCE 1969

Published monthly in ENGLISH, TAMIL, MALAYALAM, TELUGU, HINDI, KANNADA, MARATHI, BENGALI, GUJARATI, ODIYA, ASSAMESE, PUNJABI, NEPALI, URDU, SINHALA & AFRIKAANS

*Redakteur:* S. SAM SELVA RAJ | - In 16 Tale | *Mederedakteur:* BRO. WILLEM JACOBUS PRETORIUS

Vol. XX — YEAR OF OUR LORD JESUS CHRIST, 2026 JULY — No. 01


### DIE HEILIGE SKRIF

Memoriseer asseblief hierdie gedeelte.

### PSALM 3:2-9

2. Ek het so baie vyande, Here! Baie kom in opstand teen my.
3. Daar is talle wat van my sê: "Van God kom daar vir hom geen hulp nie!" Sela
4. Maar U, Here, beskerm my aan alle kante, U herstel my eer en aansien.
5. As ek na die Here roep, antwoord Hy my van sy heilige berg af. Sela
6. As ek gaan lê, slaap ek goed; ek word ook weer wakker, want die Here sorg vir my.
7. Ek is nie bang vir tienduisende mense wat van alle kante af op my toesak nie.
8. Kom tog, Here, help my, my God! U het nog altyd my vyande se mag verbreek, U het die aanval van die goddeloses afgeslaan.
9. Hulp kom net van die Here af. U laat dit goed gaan met u volk. Sela.

# ONS HERE JESUS CHRISTUS KAN WERK WAAR JY NIE KAN SIEN NIE!!!

*Sus. Angeline*



Groete in die kosbare Naam van ons Here en Verlosser Jesus Christus, aan al die lede van **Echo of His Call Bedienings.** Deur sy genade het God ons getrou laat intree in die tweede helfte van 2026. Ek bid dat sy vrede, troos, oorvloedige guns en genade op elkeen van julle sal rus.

Die brief aan die Efesiërs 3:20 is nog altyd een van my gunsteling verse in die Bybel:

**Aan Hom wat deur sy krag wat in ons werk, magtig is om oneindig meer te doen as wat ons bid of dink, ...**

Ons Here Jesus Christus is so magtig dat Hy al ons verwagtings oortref. Hy kan bereik wat ons nie kan sien of verbeel nie. Hy kan situasies wat teen ons werk omkeer in seën in ons guns. Ek weet dalk nie wat jy die afgelope maande beleef het nie, maar ek wil jou verseker dat Jesus Christus magtig genoeg is om alles ten goede te laat meewerk, selfs

*....verv. op.bls. 3*


**Echo of His Call**

***Christelike YouTube Kanaal!***



**Elke dag 2 minuut-boodskap deur**

**Past. S. Sam Selva Raj!**

**in English, Hindi Language - 1.00 A.M., in Tamil & Telugu Language - 2.00 A.M.**

**and**

**Tamil & Engelse Boodskap & Gebed**

**Sondag 8.30 vm. & 6.00 nm.**

**Please Subscribe if you are blessed! Share with whom you love & care!!**

# ECHO OF HIS CALL - (Op pad na die 60ste jaar)

Estd. 1969

## van julle geliefde broer...





**Ons Sendingopdrag**

Ons moet die huidige generasie onderrig in die onvervalste leer van die ou, vroeë Apostels. Dit is die behoefte van ons tyd.

HON. EDITOR-IN-CHIEF
Rev. Dr. Angeline S. Kumari, M.A., M.Sc., M.Ed.
EX MANAGING EDITOR
Pastor Alex Samson Sam, B.Th., M.Div.
GENERAL MANAGER
Bro. N. Prakasam, M.A., M.Sc.(C&P), PGDHRM, MBA.
ADMINISTRATION
Sis. Jesy Veena Sam
Adv. K. Puratchivendan, M.Com., C.A., B.L.
Dr. P.E.R. Premchand, M.Sc., M.A., M.Ed., Ph.D.
Dr. C.G.S. Baburao, B.Tech., M.Tech. (DM), Ph.D.
Dr. Rabinder Boaz, M.S. (CMC)
EDITORIAL BOARD
Dr. Serena Bevin, M.A., M.Phil., B.Ed.
Sis. Sajini Cherian
Rev. Dr. K.R. Rajasekaran
Rev. Dr. William Robert, Ph.D., DD, D.Lit.
EDITOR, PUBLISHER & PRINTER
Pastor S. SAM SELVA RAJ
Echo of His Call Printers
10, Mohammed Abdullah 2nd Street,
Chepauk, Chennai- 600 005, India.
Phone : (+ 91- 44) 2852 8282, 2852 9293, 2854 7766
Cell : (+91) 98410 71852, 98412 71858 95661 31858
E.MAIL
sam@echoofhiscall.org
biblecor@yahoo.co.in
WEBSITES
www.echoofhiscall.org
www.stpaulsmatriculation.org
YOUTUBE CHANNEL
Echo of His Call

**... Ek was in die rou, maar U het my van vreugde laat dans...**
**– Psalm 30:11.**

Geliefdes in die Here,

Groete vir julle in die kosbare Naam van ons Here en Verlosser, Jesus Christus!

**Jesus Christus het Self voorspel dat oorloë, berigte van oorloë, konflik, hongersnode, peste, aardbewings, vervolging teen gelowiges, moorde, afguns, vals profete en toenemende wetteloosheid die tekens van die eindtye sal wees** (Matteus 24:3-12). En ons sien van hierdie gebeure in die wêreld deesdae, en dit herinner ons aan hoe dringend ons tyd is.

Daarom, terwyl ons nog geleentheid het, laat ons die aanmoediging van die Skrif getrou gehoorsaam:

> ***... verkondig die woord; hou daarmee vol, tydig en ontydig; weerlê, bestraf, bemoedig deur met alle geduld onderrig te gee*** (2 Timoteus 4:2).

Ons moet gedurig bewus wees van hierdie goddelike verantwoordelikheid.

Deur God se genade geniet ons sy oorvloedige seën in al ons bedienings. Baie wonder hoe dit moontlik is om so baie bedienings gelyk te bedryf. En tog, deur die krag en genade wat God gee is ons in staat om elke bediening wat Hy aan ons toevertrou het uit te voer sonder om iets na te laat. Aan Hom alleen al die eer daarvoor!

Ons laat weet graag dat deur God se genade **St. Paul Matrikulasieskool** weer begin het op 4 Junie en dat die **Nehemia Bybelkolleges** by Chepauk en Santhosharpuram hulle Tamil klasse heropen het op 1 Junie, en die Hindi klasse op 6 Julie. Verder, die Gradeplegtigheid van die **Nehemia Bybelkolleges** sal gehou word op 4 Julie 2026.

Ons word dikwels oorlaai met ontsaglike verantwoordelikhede en swaar werklaste, maar God versterk ons altyd om ons dienste suksesvol te kan voltooi.

Om doeltreffend voort te gaan met hierdie bedienings benodig ons visioenêre, getroue en toegewyde werkers. Ons versoek aansoeke en gebede vir onderhoofde wat vaardig is in Engels en Hindi, onderwysers, bestuurders, sekretarisse, kantoor personeel, druk-werkers, kantoorhulp, huishou-personeel, vroue kokke, sekuriteitbeamptes, drywers en pastore met 'n spesiale roeping vir bediening.

Our Ministries: ECHO OF HIS CALL Monthly Magazines (16 languages) ▢ BIBLECOR - Postal Courses (3 languages) ▢ YouTube Ministry ▢ Online Courses ▢ Theological Correspondence Courses (2 languages) ▢ Church Planting ▢ Nehemiah Bible Colleges ▢ Gospel Printing Press ▢ Great Commission Partners ▢ St. Paul's Matriculation School ▢ Crusades ▢ Community Development

Ons is gereed om genoeg opregte en vaardige indiwidue wat die Here stuur, te werf en te ondersteun. Bid asseblief dat God die regte mense vir sy werk sal oprig.

***"Die oes is groot, maar die arbeiders min.*** [38] ***Bid dan die Here aan wie die oes behoort, om arbeiders uit te stuur vir sy oes*** (Matteus 9:37-38).

**Nehemia Bybelkolleges** se fakulteitvergadering is gehou op 16-05-2026 om die gradeplegtigheid en die volgende akademiese jaar van 2026-2027 te bespreek.



***Party van die student wat graad sal kry by die Nehemia Bybelkolleges op 04-07-2026.***

Ons versoek nederig julle volgehoue gebede en ondersteuning terwyl ons streef om die Here getrou en ywerig in verwondering te dien.

Wees verseker van ons gebede vir julle en julle gesinne, dat Hy met sy rykdom en heerlikheid in jul behoeftes sal voorsien.

Genade vir julle almal. Amen!

Julle broer in diens van Christus Jesus,

*PAST. S. SAM SELVA RAJ,*

E-pos: : sam@echoofhiscall.org

*... verv. van bls. 1*

die dinge wat jou uit die slaap gehou het.

***In Haggai 2:6 lees ons:***

**So sê die Here die Almagtige: Nog een keer, binnekort, sal Ek hemel en aarde, see en land laat bewe ...**



***Binnekort sal Ek hemel en aarde, see en land laat bewe ...***

God kan die hemel en die aarde laat bewe om sy bedoelings te bereik. Kan jy jou dit voorstel? Die skepper van die heelal kan alles rondskuif ter wille van jou en my!

Liewe broers en susters, die satan trek dikwels ons aandag af van God se roeping in ons lewens. Hy laat ons fokus verloor en rig ons aandag op onbelangrike dinge. En hoe doen hy dit? Deur probleme te skep, innerlike en uiterlike probleme.



***Wanneer God ons roep om buite-sake te hanteer, skep die vyand lastighede binne, ...***

Wanneer God ons roep om buite-sake te hanteer, skep die vyand lastighede binne, in ons gesinne en in die gemeente, sodat ons fokus verloor. In plaas van die vure buitekant blus, raak ons besig met die vure wat in ons eie huis woed. Hy mislei ons dat ons naderhand ons eie gesinslede of medegelowiges sien as die vyand, terwyl die ware teenstander buite wag soos 'n brullende leeu.

Die boek Esra en die profesie van Haggai illustreer hoe die Israeliete na hul 70 jaar van

## BAIE DRINGENDE KENNISGEWING!




Daar mag onvermydelike onderbrekings kom in die posversending van **Echo of His Call** in die nabye toekoms. As jy **Echo of His Call** steeds wil ontvang sonder onderbreking, stuur asseblief vir ons jou naam, adres, e-pos, en WhatsApp nommer in 'n brief, e-pos, oproep of SMS of WhatsApp-boodskap so gou moontlik.

Jou hulp hierin help ons om jou beter te dien.

**Ons adres:**

**ECHO OF HIS CALL,**
**10, Mohammed Abdullah 2nd Street, Chepauk, Chennai-600 005, India**
**Cell: (+91) 98412 71858 / 98410 71858 E.mail: sam@echoofhiscall.org**

ballingskap sulke binne en buite uitdagings moes oorwin om God se wil te bereik. Deur hierdie worstelings het hulle aanskou hoe God ver bo hulle verwagtings gewerk het.

***Eksterne Uitdagings (Esra 5)***

Die mense het intense eksterne druk beleef tydens die herbou van die tempel:



***Die mense het intense eksterne druk beleef tydens die herbou van die tempel***

- Gedurige klagtes en teenstand
- Opdringerige ondervraging deur omliggende owerhede oor hulle gesag



***Politieke ondersoeke, soos koning Darius met die dekreet van koning Kores***

- Politieke ondersoeke, soos koning Darius met die dekreet van koning Kores

***Interne Uitdagings (Haggai)***

Terselfdertyd het hulle onderlinge moeilikhede gehad:

- Gedurige vergelyking met die vorige tempel
- Gevolg deur teleurstelling, vrees en ontmoediging

Klink dit dalk bekend?

- Wanneer ons 'n tree nader aan God neem
- Wanneer ons kies om te leef soos Hy dit geniet
- Wanneer ons streef daarna om sy roeping te gehoorsaam

Is daar nie sulke soort innerlike en uiterlike druk in ons lewens nie?

Hoeveel van ons het bly voortbeur ten spyte van die lastighede? En hoeveel het opgegee met ons God-gegewe drome en roeping?

God herinner ons vandag: ons dien die God wat die hele aarde kan roer om sy doel in ons lewens te bereik. Die vraag is: is ons gewillig?

## 1. INNERLIKE UITDAGINGS

Toe die Israeliete die tempel begin herbou het, het hulle geworstel met 'n gees van vergelyking. Dit is iets wat ons almal teenkom, ongeag ouderdom, geslag of nasionaliteit – dikwels sonder dat ons dit besef.

Ons vergelyk ons lewens met ander: ons huise, voertuie, werk, salaris, wederhelf, opvoeding, kinders – selfs ons bediening en roeping. En dan herken ons nie hoe God ons elkeen uniek gemaak het as deel van sy goddelike plan nie.



***Ons vergelyk ons lewens met ander***

Voordat hulle die buite vyande kon teenstaan, moes die Israeliete die onderlinge haakplekke uitsorteer. Hulle het die nuwe tempel vergelyk met die vorige een, en so hulle werk en wat God reeds vir hulle gedoen het, onderskat: Hy het hulle teruggebring uit ballingskap en hulle guns gegee by heidense konings soos Kores en Darius. Dit het hulle laat vergeet van God se wonderdade. Wanneer ons vergelyk, raak ons ondankbaar. Dit lei tot ontmoediging, teleurstelling en emosionele angs.

**Wie van julle het gesien hoe mooi die vorige tempel was? Hoe lyk dié een vir julle? ...** (Haggai 2:3).



***Wie van julle het gesien hoe mooi die vorige tempel was?***

- Die nuwe tempel het kleiner gelyk
- Materiaal was beperk
- Die prag van Salomo se tempel het hul huidige werk oorskadu
- Die mense herbou die tempel wat tevore in puin was.

***Die Bybel sê hulle het twee stemme gehoor:***

1. Die stem van hulle wat die vorige tempel gesien het – hartseer en angs toe hulle

....verv. op.bls. 6

# GROOT OPDRAG-VENNOTE



**OM TE DEEL** (Galasiërs 6:2), **ONDERSTEUN** (Romeine 12:13) & **TE BESPOEDIG** (2 Timoteus 1:6)

## GEBEDSPUNTE - 2026 Julie 19 Tot 2026 Augustus 18

(Haal asseblief hierdie blad uit, vou dit en hou dit in jou Bybel en bid voortdurend)

### Prys God vir ...

**Julie 19** ➲ Seën oor al ons Hulpredakteurs en hul gesinne.

**Julie 20** ➲ Toevoeging van nuwe gelowiges in ons Hoofkerk.

**Julie 21** ➲ Sy genadige hulp met nuwe studente vir ons Inwonende en Aandklas **Nehemia Bybelkollege** kursusse.

**Julie 22** ➲ Seën oor ons **Global Vision for the Youth and Kid Care Ministry**.

**Julie 23** ➲ Die kans om die Evangelie te versprei na onbereikte gebiede.

**Julie 24** ➲ Die besondere toewyding van ons sendingwerkers.

**Julie 25** ➲ Sy oorvloedige seën op ons Tydskrifbediening sedert 1969.

**Julie 26** ➲ Die nuwe gelowiges wat ons Sondagdienste bywoon by Balaji Nagar, Santhoshapuram en Velachery.

**Julie 27** ➲ Seën oor ons YouTube bediening, veral die 2-minuut-boodskappe wat uitgaan na onbereikte mense.

**Julie 28** ➲ Ons Evangelie Drukpers en sy aanhoudende werk deur vaardige werkers.

**Julie 29** ➲ Al die aksies van **St. Paul Matrikulasieskool**, **Nehemia Bybelkolleges**, en die **Teologiese Korrespondensiekursus**.

**Julie 30** ➲ Seën oor ons Staatskoördineerders en hulle gemeenskap.

**Julie 31** ➲ Beskerming oor ons nasies.

**Augustus 01** ➲ Die oorvloed seën oor Past. S. Sam Selva Raj en sy gesin.

**Augustus 02** ➲ Seën oor ons ondersteuners vir hul gebede en getroue steun.

**Augustus 03** ➲ Sy seën uitgestort op die gesinne van ons werkers.

### Bid asseblief vir ...

**Augustus 04** ➲ Nog geleenthede om die Evangelie te vat na onbereikte plekke.

**Augustus 05** ➲ Eenheid en harmonie tussen mense van alle gelowe.

**Augustus 06** ➲ Integriteit onder alle nasies voor God.

**Augustus 07** ➲ Vrede deur die hele wêreld.

**Augustus 08** ➲ Alle Christelike organisasies en bedienings.

**Augustus 09** ➲ God se seën wanneer ons die 58ste jaar van bediening instap.

**Augustus 10** ➲ God se leiding en seën op die planne van ons Senior Pastoor, S. Sam Selva Raj.

**Augustus 11** ➲ Die werkers wat dien in ons sendingvelde.

**Augustus 12** ➲ Sukses vir ons Senior Pastoor terwyl hy sy outobiografie skryf.

**Augustus 13** ➲ 'n Einde aan die oorlog tussen Rusland en Oekraïne.

**Augustus 14** ➲ Blywende vrede deur die wêreld.

**Augustus 15** ➲ Nuwe krag en bemoediging vir ons Koördineerders en Pastore.

**Augustus 16** ➲ Die vernietiging van die satan se bose werke wat gesinne wil ontwrig.

**Augustus 17** ➲ Die honderde kinders wat deur Jesus Christus se liefde geraak is tydens die **Vakansie Bybelskool** (VBS), dat hulle sal vasstaan in die Here en getrou saam kom dien in die Kerk.

**Augustus 18** ➲ God se beskerming oor ons Senior Pastoor, Pr. S. Sam Selva Raj en sy gesin teen elke bose mag.

... verv. van bls. 4

die herboude tempel vergelyk met die prag van wat hulle jare tevore geken het.

2. Die stem van die nuwe geslag wat juig van blydskap oor hulle merkwaardige herstelwerk. Al was die laaste groep baie meer as die eerste groep, het die hartseer stemme tog duideliker weerklink.

En tog, die stem van ontmoediging was harder.

Maar, Esra 6 openbaar 'n dieper waarheid: Die vorige tempel het Salomo se rykdom gehad, maar hierdie een het God se groter doel:

- Onverwagte voorsiening het gekom van heidense konings
- Die werk is voltooi onder goddelike gesag
- Die koning het beskerming verleen
- Aanbidding is herstel
- Daar was weer vrede en stabiliteit

**Die roem van die tempel sal in die toekoms groter wees as in die verlede, sê die Here die Almagtige ...** (Haggai 2:9).

Hierdie groter heerlikheid was nie oor grootte of goud nie, maar oor:

- God se getrouheid tydens teenspoed
- Sy teenwoordigheid by nederige en gehoorsame mense



***Die roem van die tempel sal in die toekoms groter wees as in die verlede," sê die Here.***

- En belangrikste van alles: die feit dat Jesus Christus later self daardie tempel sou besoek.

Vergelyking het hulle verhinder om God se werk te waardeer, maar in sy genade het God op die regte tyd bemoediging gestuur om ons op te hef.

Wees sterk!

In Haggai 2:4 praat God deur die profeet:

**Maar nou, Serubbabel, skep moed ...**

**En jy Jeshua seun van Josadak, hoëpriester, skep moed ...**

**Wees sterk, ... begin met die werk, want Ek is by julle ...**

**... Drie keer beveel God sterkte, verseker Hy van sy daar wees ... "My Gees sal altyd by julle bly. Moenie bang wees nie."** (Haggai 2:5).

Vandag sê God: Wees sterk. Wat jy ook al beleef en deurleef, Ek is by jou.

- Dit is dieselfde belofte wat Hy vir Josua gegee het: **Moenie bang wees nie, want Ek, die Here jou God, is by jou** (Josua 1:9).



***Ek vat jou regterhand en hou jou vas***

- Dieselfde versekering is ook in Jesaja 41:10 gegee: **Moenie bang wees nie, Ek is by jou, Ek hou jou vas, met my eie hand red Ek jou.**

Wanneer ons vergelyk volg daar ontmoediging en vrees. Ons moet ophou om onsself met ander te vergelyk. Ons het 'n hemelse roeping.

## 2. EKSTERNE UITDAGINGS

Nadat die interne lastighede hanteer is, het die Israeliete buite teenstand gekry van die plaaslike owerhede:

NEHEMIAH BYBELKOLLEGES
Haas jou vir toelating!
Diploma in Theology & Bachelor of Theology
Chepauk & Santhoshapuram, Velachery Chennai.
Medium :Tamil (Part Time)
Hindi (Part Time)
Kwalifikasie: 10de Standerd (Graad 12) of hoër
Bid asb. vir
Erken deur Internasionale Christenleiers &Senior pastore vir die afgelope 56 jaar
Contact : The Chairman, Nehemiah Bible College.
10, MOHAMMED ABDULLAH 2ND STREET, CHEPAUK, CHENNAI - 600 005, INDIA.
Phone : (+91-44) 2852 8282, Cell : (+91) 98410 71852 / 95661 31858
E.mail : sam@echoofhiscall.org / Website : www.echoofhiscall.org

"Wie het julle beveel om die tempel te bou en die muur te herstel?"

Teenstand beteken nie God het ons verlaat nie. Ons het geestelike onderskeiding nodig om te weet wanneer God aan die werk is vir ons en wanneer iets nie in lyn is met sy wil nie. God kan enige teenstand gebruik om sy Koninkryk te bevorder, veral wanneer ons in gehoorsaamheid aan sy wil met Hom wandel.

- Dawid het Goliat gekonfronteer
- Nehemia moet Sanballat en Tobia trotseer
- Paulus het vervolging beleef van Joodse teenstanders
- Die vroeë Christene is oral teengestaan
- En tog is God se Naam geëer in daardie gebeure.

Net so sien ons in hierdie hoofstuk teenstand aankom. Die mense moes hul werk, hul gesinne en hul gemaklike lewe versaak om die tempel-ruïne te herbou. Hulle het baie opgeoffer. En tog, in plaas van waardering kry word hulle gekritiseer: beswaarskrifte eerder as aanmoediging, en hul werk is aanhoudend teengestaan.

Moet nie erkenning van mense verwag nie; God Self is ons beloner. Hou aan om getrou sy wil te doen.

Liewe vriende, moenie bang wees wanneer daar teenstand is nie. "Maar die oog van hulle God was op die oudstes van die Jode." Ons Here se oë is ook nou op ons. Hierdie is dalk 'n woord vir jou: wapens kan teen jou opgestel word, maar dit sal nie slaag nie. Jy kan beskuldig word, maar dit sal plat val.

Wat het God gedoen?

....verv. op.bls. 9


## Echo of His Call Postal Courses for candidates in India only

### 1. BIBLECOR

**Bid asb. vir**

Ons bied Korrespondensiekursusse aan oor Basiese Waarhede van die Bybel vir nuwe Christene en nie-Christene in Engels – 57 bladsye, Hindi – 76 bladsye & Tamil – 96 bladsye. Jy kry 'n kursusboek met die titel **New Life – For You! Na voltooiing van hierdie kursus sal jy 'n sertifikaat ontvang. Daar sal geen verpligte gelde wees nie. Jy sal geseën word!**

### 2. THEOLOGICAL CORRESPONDENCE COURSE

Advanced Distance Education called **Theological Correspondence Course** is available in English – 537 pages and Tamil – 652 pages for Pastors, Evangelists, Christian Leaders and for lay people who have passion to do God's Ministry! A fee of Rs. 1000/- is charged. 7 Books with 149 Chapters are supplied. **Certificate in Ministry** will be awarded. **God will bless you!**

*For more details, write to us.*

**The Chairman, Nehemiah Bible College,**

Echo of His Call, **Post Box 2957**, CHEPAUK, CHENNAI - 600 005.

Ph.: (044) 2852 8282, 2852 9293, 2854 7766, Cell : 98410 71852, 95661 31858

E.mail : biblecor@yahoo.co.in

## Ons bankbesonderhede in Suid-Afrika

U blymoedige gawes kan gestuur word aan Echo of His Call Ministries vanaf enige plek in Suid-Afrika. Dit kan inbetaal word in ons bankrekeninge soos hier onder verstrek. As u aan ons ook die besonderhede stuur van u debietorder/oorbetalings/oordrag, sal dit moontlik wees om aan u 'n kwitansie uit te reik.

### Ons bankbesonderhede:

**ABSA BANK : Echo of His Call Missions**
**BANKKODE: 334515**
**REKENINGNO: 905 129 1908**
**TAK: JEFFREYSBAAI**
**KONTAKPERSOON: Mev Elbe Smit**
**Tel: (042) 296 1337 Sel: 084 813 2554 / e-pos: elbiesmith3@gmail.com**
**SIS. ELBINA SMITH**

**Address : DR. A. D. KEET STREET, WAVECREST, JEFFREYS BAY 6330.**

**Meld asb. u naam en naam van u dorp/stad op die bankdepositostrokie wanneer u donasies deponeer**



# PUT TOT PALEIS

(Lewenservarings van Pastoor S. Sam Selva Raj)

"Wie dit lees moet dit goed begryp" Matteus 24:15



## ONS BENODIG SULKE STERK PILARE IN ONS KERKE!

### ELKEEN WAT DIE OORWINNING BEHAAL, SAL EK 'N PILAAR IN DIE TEMPEL VAN MY GOD MAAK. . . - Openbaring 3:12.



Tydens my jonger jare was ek goed gevestig in die Apostoliese Christelike Gemeenskapskerk in Chennai, gelei deur oorlede Pastoor G. Sundaram. Hy was 'n sterk geestelike leier wat deur sy goddelike lewe, kragtige preke en getroue opleiding duisende bedienaars vir God se Koninkryk opgehef het. Hy het ook 'n buitengewone geheue gehad en kon maklik die getroue bywoners van die Sondagdienste herken en weet wie was afwesig.

Onder sy leierskap was daar drie merkwaardige manne van God tussen sy getroue werkers: wyle Br. T. Selvaraj, 'n Staat Regeringsamptenaar; wyle Br. Victor Swamidoss van die Spoorweg Departement; en wyle Br. L.M. Jeyamohan, ook bekend as Jayakumar, van Corley Hoërskool.



Soos ander jong mans was daar tye wanneer ek nie kerkdienste kon bywoon nie weens my Regeringsverpligtinge. In sulke tyd het hierdie toegewyde dienaars van God my eindeloos agtervolg met die ywer van polisiebeamptes, en my by my werkplek gekry, of by 'n kantien en ander plekke. Dan het hulle my liefdevol beraad en onderrig oor die belangrikheid en die seën wanneer ek kerkdienste getrou bywoon en deelneem aan elke aksie van die Kerk.

Hulle was gewillig om hul tyd, geld en energie te spandeer om my op die regte geestelike pad te hou. Ek kan getuig dat hulle werk en toewyding 'n groot rol gespeel het in die vorming van my geestelike lewe. Hulle was streng in sommige sake, maar ook geduldig, meelewend, en diep toegewy om dissipels te maak van jong gelowiges soos ek.

Later, toe die Here die **Echo of His Call Bedienings** genadiglik geseën het, het hierdie manne gehelp met vaderlike liefde. Hulle het gereeld in ons Kerke bedien met preke en spesiale byeenkomste. Ek glo vas hulle het 'n blywende impak in my lewe gehad, en ook in die lewens van duisende mans en vroue.

Die wat gevorm en opgelei is onder hulle begeleiding is ook opgelei om toerekenbaar te wees aan die Kerk en sy pastoor. Hulle het nie gewerk vir persoonlike erkenning nie, maar net vir God se eer. Mag die Here hulle nagedagtenis en nageslag oorvloedig seën.



Die is my innige gebed dat God weer sulke hoogs toegewyde, selflose en getroue manne en vroue sal oprig in die Kerke van vandag.

******************

*... verv. van bls. 7*

Wanneer Hy veg, **laat Hy die hemel en aarde bewe** (Haggai 2:21). Hy laat alles in die heelal werk in ons guns.

Toe dit lyk asof alles teen hulle was, lees ons in Esra 6:12: "Ek, Darius, het opdrag gegee. Dit moet presies so uitgevoer word."

Die einste koning wat klagtes teen hulle ontvang het, gee nou 'n formele opdrag dat die werk voltooi moet word sonder enige inmenging.

- **"Laat die werk aan daardie tempel ongehinderd voortgaan."** (Esra 6:7).
- **"Sonder versuim en nougeset moet die koste aan daardie manne uitbetaal word uit die koninklike fondse"** (Esra 6:8).
- **"Wat ook al nodig is volgens die priesters in Jerusalem, moet aan hulle gegee word. ... Dit moet elke dag gedoen word, ..."** (Esra 6:9–10).
- **En hy waarsku dat wie ook al die werk probeer verhinder, baie swaar gestraf sal word.** (Ezra 6:11–12).

Koning Darius se reaksie was nie net ondersteunend nie, maar ook beskermend en vrygewig.

Wat aanvanklik teenstand was het hulle uiteindelik versterk in die herbouwerk, baie meer as wat hulle kon verwag het.

**Wanneer God sy mikpunt uitspel** (Haggai 2),

**Dan herorganiseer Hy mense se planne om dit te bereik** (Ezra 6).

Ek bid dat in hierdie maand God alle negatiewe woorde wat teen jou gepraat is, sal oorheers en alles wat beplan is teen jou sal omkeer in jou guns. As Hy hele stelsels kon omkeer om sy doel met sy mense te bereik, kan Hy dit beslis ook nou in jou lewe doen. Sy oë waak oor jou.

Ons moet Hom net volledig vertrou. Sy liefde wat Hy by die kruis vertoon het, is onberekenbaar. Jesus Christus het gesterf sodat ons oorwinnend kan lewe.

So, stel jou vertroue in die Skepper.

*************

## HOOFKERK SE PROGRAMME

1. Gebedsdiens : 24 uur
2. **ECHO OF HIS CALL** - Maandelikse Tydskrif: Engels, Tamil, Malayalam, Telugu, Hindi, Kannada, Marathi, Gujarati, Bengali, Odiya, Nepali, Assamese, Punjabi, Urdu, Sinhala & Afrikaans.
3. **BIBLECOR** – Basiese Bybelkursusse (Engels, Tamil & Hindi)
4. Teologiese Korrespondensiekursusse: Engels & Tamil
5. Nehemia Bybelkolleges (Chepauk, Santhoshapuram & Velachery)
6. Susterkerke: Santhoshapuram, Balaji Nagar & Velachery
7. Groot Opdragvennote (Netwerk van Pastore)
8. Opleidingprogramme – Seminare & Afsondertye
9. Veldtogte
10. Literatuurverspreiding en Opvolging
11. Evangelie Drukpers - Publikasies
12. St. Paul Matrikulasieskool - Village English High School
13. Sondagskole (Chepauk) : 10.30 vm. Sondag & (Velachery, Balaji Nagar & Santhoshapuram) 3.00 nm. Sondag
14. Vroeë Oggenddiens : 5.30 vm. Sondag
15. Voorbereidingsdiens : 8.00 vm. Sondag
16. Tamil Diens : 8.30 vm. Sondag
17. Jeugbyeenkoms : 11.00 vm. Sondag
18. Gemeenskap-middagete, : 1.00 nm. Sondag
19. Telugu Diens : 4.00 nm. Sondag
20. Hindi Diens : 5.00 nm. Sondag
21. Tamil & Engelse Diens : 6.00 nm. Sondag
22. Terugvoertyd : 7.30 nm. Sondag
23. Vroue gebed : 5.30 nm. Woensdag
24. Hindi gebed : 7.00 nm. Woensdag
25. Manne gebed : 7.30 nm. Vrydag
26. Dissipelskap-byeenkoms : 6.00 nm. Saterdag
27. Huis-samekomste : 6.30 nm. Dinsdag & Donderdag
28. Spesiale Nagmaal : 6.00 vm. 1ste dag van elke maand
29. Predikante-byeenkoms : 5.30 nm. Eerste Saterdag
30. Ouers se gebedstyd : 4.00 nm. Eerste Sondag
31. Naggebede : 9.30 nm. Derde Vrydag
32. Vas-gebede : 9:30 vm. Tweede Saterdag
33. Nagmaal : Tweede Sondagdiens
34. Jeug / Kinder-gebede : 10.00 nm. daagliks (per telefoon)
35. Personeel-toewyding : 9.00 vm. daagliks
36. Kantoor : 9.00 vm. tot 9.00 nm. (behalwe Sondae)

**NOTICE**

Save our mobile numbers (+91) 98410 71858, (+91) 98412 71858 (main numbers) in your mobile phones. - Editor

Posted at "Egmore RMS Patrika Channel" RNI TC NO. TNAFR/2007/21215

## 'n Goeie geleentheid om Echo of His Call Maandelikse Tydskrif gratis te kry

As jy vir ons die adresse van jou vriende / familie stuur per pos of e-pos, Whatsap of bel, sal ons maandeliks vir hulle **Echo of His Call** gratis stuur.

## Bid asseblief

### ST. PAUL'S MATRICULATION SCHOOL

Die Engelse Christen-Hoërskool wat Echo of His Call bedryf vir arm en weeskinders. Ons het borge nodig vir 200 kinders @ R200 per kind. Ons vra borge. Jy kan jou donasies na ons bankrekeninge in Suid-Afrika stuur.

**Onderrig van Gehalte!**
**Geestelike opleiding!!**

**Van kleuteronderrig tot Gr.10**

Kontak:

**10, Mohammed Abdullah 2nd Street, Chepauk, Chennai – 600 005.**
Telefoon : (+91-44) 2852 8282
Sel : (+91) 98410 71852
E-pos : sam@echoofhiscall.org

## ECHO OF HIS CALL

**Maandblad in 16 tale, Bybelkolleges, Korrespondensiekursusse, Kerkplanting, Village English High School, Evangeliese Drukpers, Uitreike, Seminare, Maatskaplike Dienste, ens.**

**Jaarlikse intekengeld Rs. 100/-** **Lewenslange intekengeld Rs. 2000/-**

Die veelvuldige aktiwiteite van die **Echo of His Call Bedieninge** word ondersteun deur die vrywillige offers en donasies van God se kinders soos jy. Jy kan **Echo of His Call** en ons aktiwiteite ondersteun soos die Here jou lei. Ons het jou hulp nodig om die evangelie uit te stuur na die onbereikte mense en om kerke te plant.

As jy gereeld die **Echo of His Call** maandblad wil ontvang, skryf asseblief aan ons. As jy van posadres of e-posadres verander, stel ons asseblief in kennis van jou ou en nuwe adres.

**Echo of His Call** is ook in 16 tale beskikbaar op ons webtuistes. Jy kan dit lees of op die webwerf gaan en dit aflaai en geseën word.

Julle briewe, gebedsversoeke en finansiële hulp (**Geldwissels, Tjeks of Aftrekorders, EO's, PayPal (Sam Selva Raj,** sam@echoofhiscall.org) **Tel.9841071858, Gpay (98410 71858), Western Union, MoneyGram** aan **Echo of His Call** kan asseblief gestuur word na die onderstaande adresse.

Stuur asseblief jou **landlyn/selfoonnommer** en **e-posadresse** vir opdatering.

ECHO OF HIS CALL

10, MOHAMMED ABDULLAH 2ND STREET, CHEPAUK, CHENNAI - 600 005, INDIA
PH: (+91-44) 2852 8282, 2852 9293, 2854 7766, Cell: (+91) 98410 71858, 98412 71858 / E.mails: sam@echoofhiscall.org / biblecor@yahoo.co.in
Websites: www.echoofhiscall.org / www.stpaulsmatriculation.org

**JY KAN JOU DONASIES OOK AANLYN STUUR**

Regd. With the Registrar of Newspapers for India under No. TNAFR/2007/21215
Date of Publication: First week of every month
Date of Posting : 3rd & 4th of every month
Posted at "Egmore RMS Patrika Channel"
on 4th JULY 2026
If un-delivered please return to:
ECHO OF HIS CALL (AFRIKAANS)
P.O. Box No. 2957, Chepauk, Chennai - 600 005, INDIA.
Phone: (+ 91- 44) 2852 8282, 2852 9293, 2854 7766

*JESUS HET JOU LIEF!*

To

*GOD SEËN JOU!*

Owned and published by **S. Sam Selva Raj** from New No. 8 & 10, Old No. 18 & 19, Mohammed Abdullah 2nd Street, Chepauk, Chennai-600 005 and printed by **S. Sam Selva Raj** at **Echo of His Call Printers**, New No. 8 & 10, Old No. 18 & 19, Mohammed Abdullah 2nd Street, Chepauk, Chennai-600 005. Editor: **S. Sam Selva Raj.**